

# REDAKSIES

*Pretoria-Maranata*  
**Redaktrise:** Linda de Vente  
[gdevente@global.co.za](mailto:gdevente@global.co.za)  
**Lede:** Wilna Kerkhoff,  
Hendriët Pouwels  
**Finansies:** Cornelia Kerkhoff

*Pretoria*  
**Redaktrise:** Carina Bijker  
[caad@tuks.co.za](mailto:caad@tuks.co.za)  
**Sekretaresse:** Petra Ros  
**Lede:** Lieze Bron, Eric Danielz,  
Willem de Jager,  
Arjan van Houwelingen  
**Illustrasies & voorblad:**  
Alex van Houwelingen

*Kaapstad*  
**Redakteur:** Adriaan Haak  
[haakfam@telkomsa.net](mailto:haakfam@telkomsa.net)  
**Lede:** Corlia Drijfhout,  
Anja Luijk

# ADMINISTRASIE

*Uitleg*  
Marlene de Vente  
[marlene.devente@gmail.com](mailto:marlene.devente@gmail.com)

*Administrasie*  
**Administratief & finansies:**  
Janita Agema  
Ons hoop om **Die Olielamp**  
10 keer per jaar uit te gee.  
Hierdie uitgawe is ook  
elektronies beskikbaar  
by die volgende Internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

# Redaksioneel

*Wat is die mens dat U aan hom gedink het?  
En U het hom weinig minder gemaak as 'n  
goddelike wese.*

Ons hoor die verbasing in Dawid se stem. Here, hoe is dit moontlik dat U ons so 'n hoë posisie gegee het? Beelddraers van die Allerhoogste Koning? Die mens geskape as verteenwoordiger van die Here op aarde, gekroon as onderkoning! 'n Pragtige roeping. Want selfs die aarde word onder sy voete gestel. Hy mag daarvoor heers. Hoe mooi was die paradys nie! Waar die mens alles van sy Beeldhouer ontvang het om ware beelddraer te wees.

Maar vandag leef ons nie meer in die paradys nie. Onderkoning en beelddraer is ons steeds. Ook die honger kindertjies in Afrika, die AIDS pasiënt op sy sterfbed. Die beelddraer van God se koningsklere is geskeur. Want wat veronderstel was om te wees is deur die sonde verbreek tot wat ons nou het. Ons hoef nie eers ver te soek nie, want die sonde raak ons so diep in ons hart. Maar Christus het vir ons gesterf om ons onderkoningskap te herstel. En daarom mag ons nie bly vaskyk in ons sonde nie, maar mag ons verder kyk en vanuit die Here se Krag ons Beeldhouer bly loof en prys. Dan wil ons nie meer ons onderkoningskap wegsteek nie, maar dit so uitdra dat almal sien hoe mooi dit is om Sy beelddraer te mag wees!

Hoe pragtig is dan so blad soos die Olielamp waar ons ook met mekaar mag deel oor hierdie groot verantwoordelikheid en roeping.

In hierdie uitgawe wil ons graag ons blydschap met julle deel... want die Olielamp het uitgebrei die afgelope maand. Johannesburg wil ook graag deel wees van die Olielamp. Ons wil graag Johannesburg welkom heet! Dis wonderlik om so die gemeenskap van Heiliges te beleef! Aangesien Johannesburg se jeug oor die algemeen Engels is sal daar in die toekoms meer Engelse artikels verskyn.

Geniet die uitgawe.  
Namens die Pretoria – Maranata Redaksie  
Linda de Vente



## IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel .....	3
<b>Uit die Woord</b> .....	<b>4</b>
Lukas 7 .....	4
Psalm 122 .....	6
Huwelik en gesin in die Skrif .....	7
<b>Oppad</b> .....	<b>8</b>
Ons verantwoordelikheid teenoor mekaar	8
<b>Voel jy ook so?</b> .....	<b>9</b>
Is ons besig om te 'implode'? .....	9
Hoe staan ons teenoor ander gelowe ....	10
<b>Voetspore</b> .....	<b>12</b>
<b>Deur die sleutelgat</b> .....	<b>13</b>
<b>Van die Olyfboom</b> .....	<b>15</b>

## VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

**DV 16 April 2006**

---

# Uit die Woord

---

## Lukas 7

Jan Geerts

*"Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag" – Luk. 7:20*

### Die Koninkryk en die weg

Johannes het dan self Jesus aangewys met die woorde: "Daar is die Lam van God" (Joh. 1:36) en nou vra hy: "Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Twyfel Johannes?

Wat Johannes hier vra moet gesien word in die skynbare teenstelling wat Johannes dink te sien. Self het hy die mense opgeroep tot berou, verootmoediging en bekering, anders sou niemand die Messias kon ontmoet nie. Mense het hulle huise en welvaart verlaat om na hom te kom luister in die woestyn. Hulle is gedoop en moes hulle ou lewe verlaat. Bekeer jou, en steel en bedrieg nie meer nie, maar deel met liefde uit wat jy gekry het. Glo in God. Dit het Johannes alles gekos, hy het 'n somber lewe gelei. En deur sy prediking teen Herodes, sit hy nou in die tronk op 'n donker plek.

Sy dissipels het hom gereeld ingelig oor Jesus se werk op aarde, maar dit het Johannes nie bevredig nie. Hy stuur daarom twee na Jesus om hom te vra "Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Dis nie dat Johannes twyfel nie, want Jesus praat in vers 23 ook nie oor twyfel nie, maar van aanstoot neem. Johannes was nie tevrede met die werkwyse van die Jesus nie. Met hierdie vraag wil hy Jesus laat verstaan dat sy werk nie juis die indruk skep dat Hy die verwagte Messias is nie, en daarmee sê, dat Jesus kragtiger moet optree, meer as Koning met oordeel van bevryding. Anders sou mense gaan twyfel of Hy wel die Beloofde is.

Maar teen hierdie stemming waarsku Jesus, Johannes in vers 23: "En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." Hy stuur die twee terug met die woorde: vertel aan Johannes blindes sien weer en kreupeles loop weer, dowes

hoor ens. (Jes. 35:5). Johannes sal hieraan genoeg hê om die woorde van Jesaja te herken.

Maar die volk wat nou staan en luister het, watter indruk hou hulle hieraan oor? Het Johannes kritiek op Jesus? Is Jesus te sag en te barmhartig? Of was Johannes te streng en te hard? Die verskil is duidelik. Jesus neem verantwoordelikheid vir die prediking van Johannes, maar daardeur doen hy niks van Sy eie optrede af nie.

Jesus laat sien dat albei by mekaar hoort. Johannes het die weg na die Koninkryk gewys. Hoe jy daar kan ingaan - deur bekering sodat jy met leë hande kom en die besef van eie sonde. Jesus laat sien hoe die Koninkryk op aarde gekom het. God se lig van genade en liefde. Dit sonder enige grens of beperking. Vir elke sondaar, en grootste sonde is daar vergewing. Verheug jou sonder perke.

Jy moet nie kies tussen die twee nie, want albei se boodskap sluit op mekaar aan. Maar die een is wel minder as die ander. Johannes is groot, maar die kleinste in die koninkryk van God is groter as hy (Luk 7:28). Die pad is belangrik, maar dit is nie die doel nie. Die Koninkryk is die doel. Later sal die apostels uitgaan om Jesus te verkondig, nie Johannes nie al is sy boodskap van waarde.

Luk 7:31 *Toe sê die Here: Waarmee sal Ek dan die mense van hierdie geslag vergelyk, en waaraan is hulle gelyk?*

Luk 7:32 *Hulle is net soos kinders wat op die mark sit en na mekaar roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie gehuil nie.*

### **Is dit dan nooit goed genoeg?**

Die probleem is dat mense altyd wil kies. Daar sit iets in ons wat sê - so wil ek dit hê. Dit het ongelowiges op hulle manier. En christene het dit ook, wat 'n bron van spanning in die

gemeente kan gee. Mense kies tog self ook al sê hulle dat hulle in God glo.

Kinders speel alles na, 'n bruilof of begrafnis. By 'n vrolike wysie moet jy dans, en by 'n treurige liedjie huil. Maar hoe is kinders onder mekaar? Die een wil net nie doen wat die ander sê nie, wil heelyd net iets anders. By 'n vrolike wysie het hulle nie lus om te dans nie, en sê, speel liever iets anders. En by 'n treurige liedjie sê hulle, kan jy nie iets vroliker speel nie?

Die boodskap van Johannes was vir julle te swaar, te ernstig - net 'n verskoning om nie te luister nie. En die openbaring van die koninkryk is te oop en vrolik vir almal, nee, so gemaklik kan dit ook nie wees nie. Net nog 'n verskoning om nie te luister nie. Weer 'n rede om kritiek te lewer en om jousef af te keer. Die proleem lê by jousef, want elke keer as jy die woord van God hoor wil jy dit net bietjie anders hoor.

Die openbaring van die Koninkryk, is God se eindelose liefde vir 'n verdorwe wêreld. Liefde wat vir ons die lig en die lewe is. Dit gaan altyd oor die Seun van God wat alles verlaat om ons te verlos. Hy wat Sy lewe vir ons gegee het, om ons by die Vader te bring.

Vertaal dit ook na jou persoonlike lewe. Hoeveel keer gebeur dit nie, dat as ek bly is met God se verlossing vir my dat ek dink: is ek nie te oppervlakkig nie? Vergeet ek nie van my sondes nie?

Of as jy bedroef is, dat jy dink, is ek wel 'n christen? Want waar is my geloofsvreugde? Ons wil dit heelyd net iets anders as wat ons dit ervaar.

Voor God se aangesig mag jy van harte bly wees, optimisties, vol planne en ideale want God is met jou. Halleluja! By God kan jy ook treur, as jy na die chaos in jou lewe kyk. Jesus Christus se kruisiging het nie die verdriet weggeneem nie. Verdriet sal nog daar wees tot hy weer kom op die wolke. Sien daarna uit!

---

An old man was teaching his grandson about life.

"A fight is going on inside me," he said to the boy. "It is a terrible fight and it is between two wolves. One is evil - he is anger, envy, sorrow, regret, greed, arrogance, self-pity, guilt, resentment, inferiority, lies, false pride, superiority, and ego. The other is good - he is joy, peace, love, hope, serenity, humility, kindness, benevolence, empathy, generosity, truth, compassion, and faith. This same fight is going on inside you - and inside every other person, too."

The grandson thought about it for a minute and then asked his grandfather, "Which wolf will win?" The old man simply replied, "The one you feed."

Author unknown

*Sou jy die moed hê?*

*Dis Sondag in Vietnam. Die Christene kom drupsgewys by die 'kerk' aan – so onopvallend moontlik. As uiteindelik almal daar is kan die diens begin. Snaaks, net 2 mense het hulle Bybels saamgevat. Net 2 mense in die kerk besit 'n Bybel.*

*Iritrea. Indonesië. China. Vietnam. In hierdie lande is daar nie Christelike boekwinkels waar jy sommer 'n Bybel kan gaan koop nie. Bybels word gesmokkel. Bybels is baie skaars. En kosbaar! Want Christene word vervolgt, mishandel, te na gekom, verwerp, gemartel, gehaat en gedood. En tog is daar mense wat in Christus glo – hulle is bereid om die duurste prys vir die geloof te betaal.*

*Dis Dinsdag in Vietnam. Daar het die afgelope week 'n nuwe voorraad Bybels aangekom. Daar is nie genoeg vir almal nie. Maar wie in die kerk mag 'n Bybel kry en wie nie? As jy 'n Bybel wil hê kry jy 'n fotostaat van Psalm 119 in die hande gedruk. As jy hierdie Psalm uit jou kop geleer het en vlot kan opsê word jy op die waglys geplaas.*

*Psalm 119?! Met ywer leer hulle alle 176 verse. Dan kan hulle binnekort dalk ook 'n eie Bybel kry!*

*Sou jy die moed hê?*

# Psalm 122

## Die vreugde om kerk toe te gaan

Veronica Bouwmeester

Ja, dit is nogal 'n vraag: Is dit vir mense lekker om kerk toe te gaan? Vir Dawid, die digter van Psalm 122, was dit 'n groot plesier: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan." In sy tyd was die kerk die tempeldiens in Jerusalem. Daarheen het die stamme van Israel gereeld opgetrek - om by die kerk te wees.

In die Ou Testament het dit profeties heengewys na die gemeente van Jesus Christus in die Nuwe Testament. Toe Hy aan die kruis gesterf het, uit die dood opgestaan het, na die hemel opgevaar het en Sy Heilige Gees op die mens uitgestort het, is hierdie Evangeliewoord aan die HERE se volk Israel vervul. Op Pinksterdag het dit deurgebreek na alle volke en nasies en tale. Aan sy dissipels het Jesus Christus sy bevel gegee: "Maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het." (Matt. 28:19) Dit is die vergaderwerk van Christus se kerk. Daar waar God se Woord gepreek word, ontstaan sy gemeente, die kerk.

Maar hoe kan daar vreugde wees om kerk toe te gaan? Alleen as die Woord van Jesus Christus daar suiwer gepreek word. Alleen as dit die Woord van God is en nie die woord van mense nie (1 Tess. 2:13). En alleen as die hoorder - jy wat kerk toe gaan - dit aanneem as die Woord van God en nie as die woord van mense nie. En die Woord van God is die verlossingswoord, die redding uit die mag van die sonde. Eers as jy waarlik deur Christus gered is, is daar vreugde. Die kerkmense moet eers die vreugde in Christus besit en dan sal die kerk ook vanself 'n vreugde wees. In die kerk kry ons die versekering van sondevergifenis. Dit gee blydschap! As Dawid se groot sonde vergeef is, bid hy in Ps. 51: 10: "Laat my vreugde en blydschap hoor, laat die gebeente juig wat U verbrysel het" en ook "Gee my weer die vreugde van u heil." (vers 14). Paulus roep hierdie blydschap as verlostes in Jesus Christus uit as hy ons beveel: "Verbly julle altyd in die HERE; ek herhaal: Verbly julle!" (Fil. 4:4)

Nou is daar 'n skare van verlostes in Christus. Heerlik om dan saam lofsange van redding te sing. Vanuit die kerkgebou (ons Jerusalem) styg die eer, die lof en die dank op tot ons Vader wat in die hemel is. Kom dan, laat die stamme optrek, "die stamme van die HERE - 'n voorskrif vir Israel - om die Naam van die HERE te loof." (vers 4) Daar vind ons die ware vrede in 'n wêreld van onvrede (vers 7 en 8). "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan."

Ek was verheug toe die geluid  
Weerklink het bo die ruimtes uit:  
Kom laat ons optrek hiervandaan,  
Om na die Heer se huis te gaan!  
O heil'ge stad, gelukkig^oord,  
Ons voete staan nou in jou poort!

# Huwelik en gesin in die Skrif

Derek Brown

Wanneer 'n mens rustig en oplettend deur Genesis 1 en 2 lees tref die "eenvoudige" beskrywing van hoe God alle dinge uit niks geskep het jou. Ja, die beskrywing is eenvoudig, dis taal wat elke mens kan verstaan. En tog is die saak waaroor dit gaan so onbegryplik vir ons. God wat alles uit niks skep! En alles uit **niks** skep volgens Sy plan vir die heelal. Alles **goed** skep – tot Sy eer en as die perfekte omgewing vir die mens wat Hy sal maak. Wanneer al die omstandighede reg is – die regte klimaat, die mooiste omgewing, oorvloedige kos ens. - maak Hy vir Adam. Alles wat Hy tot dusver gemaak het was goed! Adam was goed! Maar alles was nog nie goed nie!! Genesis 2:18. Dit was **nie** goed dat die mens alleen was nie.

Met hierdie vers bedoel die Here nie dat Hy Adam verkeerd gemaak het nie. Of dat Hy 'n fout gemaak het om Adam alleen te laat wees nie. Nee. Wat Hy bedoel is dat Sy plan vir die mens nie was om alleen te wees nie. By Adam was daar 'n gemis aan 'n maat – en hierdie gemis het die HERE in Adam laat ontstaan. Hy het die behoefte na 'n maat in sy hart gelê. 'n Mens sou kon sê Hy het Adam met opset "onvolledig" gemaak sodat Adam self bewus sou word van sy behoefte aan iemand wat by hom pas. Dit was vir Adam 'n opvoedingsproses – hy moes leer hy is anders as die diere, dat geen van die skepsels wat God tot dusver gemaak het by hom pas nie. Hy moes leer die mens is anders as die dier.

En dan doen die HERE, met respek gesê, die eerste operasie in die geskiedenis. Hy vorm uit Adam se rib die vrou. Hy skep haar nie uit die stof soos Adam nie, maar uit sy eie bene en vlees – "been van sy bene en vleis van sy vleis". So ervaar Adam dan hoe naby Eva, of Mannin soos sy eers genoem is, aan hom is. Hy sien 'n deel van homself in haar. En Adam raak lirie oor sy vrou wat hom sou help en sy eensaamheid sou wegdryf. Dit is die eerste huwelik. God trou vir Adam en Eva deur haar na hom te bring, en hulle te seën. God wil in 'n verhouding met die menslike geslag lewe, die verbondsverhouding. Hy gee opdragte, ook vir die huweliksverhouding. Hy gee hulle die

opdragte om te heers, te bewaak en te vermeerder. Daar moes nog van Adam se soort kom en nog van Mannin se soort. Hy waarsku ook as die mens dinge teen Sy wil doen, maar Hy belowe Sy liefde as mense bly by sy bedoelings vir die skepping.

Sy bedoeling vir die huwelik was dat die twee hulle lewe lank saam bly sonder om ooit moeg vir mekaar te word. Hulle eenheid is anders as die van die diere. Hulle eenheid is veel hoër en dieper as die van diere, en hulle band moet hechter en inniger en ryker word met verloop van tyd. Een man, een vrou, lewenslank. En omdat die man en vrou nie net geestelik nie maar ook fisies gemaak is om by mekaar te pas, bestem God die huwelik as die manier waarop Hy nuwe mense wil skep. Hy gaan nie weer mense uit die stof maak nie. Hy gaan ook nie weer mense maak uit ribbene nie. Hy gaan mense maak in die skoot van Eva se geslag. En dit is geen kleiner wonderwerk as om hulle uit stof of ribbes te maak nie!! En dan moes Adam en Eva die kindertjies wat hulle ontvang opvoed om die Here te dien en onderkonings te wees oor Sy skepping. Maar toe gebeur die sonde...



En vandag? Vandag word hierdie orde en wil van God vir die mens op sy kop gekeer. Mans en vroue wil trou met mense van hulle eie geslag. Vroue heers oor hulle mans. Kinders rebelleer teen ouers. Ouers mishandel kinders. Ek hoef nie voort te gaan nie. Gesinne vandag is so misvorm deur die sonde dat hulle skaars herkenbaar is teen hoe God wil hê dit moet wees! Genadiglik wil die Here Sy Kerk weer leer hoe om gelukkige huwelike en gesinne te hê! En genadiglik wil Hy ons die krag deur Sy Gees gee om teen ons eie sonde te stry, en ook ons gesinslewe weer te vorm soos die Bybel sê. En dit doen Hy omdat Hy ons gekies het om Sy bruid te wees. So moet ons dan ook Sy voorbeeld nastreef, bid vir Sy krag en leer uit Sy Woord.

Sal ons as jongmense Sy plan volg? Of wil ons net ons eie kop volg en doen wat goed is in eie oë wat gevolglik ons huwelik laat misluk? Erger nog – wil ons die Here hartseer en toornig maak deur Sy plan hiervoor te verwerp?

## Ons verantwoordelikheid teenoor mekaar

*Carike Byker*

VERANTWOORDELIKHEID... eintlik 'n gekompliseerde woord as 'n mens daarvoor nadink! Ons gebruik hierdie woord gereeld. Besef ons regtig wat dit beteken en wat dit alles inhou? Die HAT definieer die woord "verantwoordelikheid" as "'n verpligting om rekenskap te gee". God gee die mens ook die opdrag om verantwoordelik teenoor mekaar op te tree. Hierdie verantwoordelikheid word mooi opgesom in Galasiërs 5:22. Die Here vra van ons om liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing teenoor ons naaste te bewys. Dit is bewyse van verantwoordelikheid.

### Die grootste verantwoordelikheid

Galasiërs 5:22 begin nie verniet deur liefde eerste te noem nie. Want dit is wat ons grootste verantwoordelikheid teenoor mekaar is. En dit is dan ook eintlik die enigste verantwoordelikheid, want uit die liefde sal alle ander pligte teenoor mekaar vanself voortkom. As ons mekaar liefhet, sal vriendelikheid, geduld, goedhartigheid en al die ander vrugte van die Gees sommer vanself kom! Liefde is immers die 2de grootste gebod.

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee saamhang: JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF." (Matt.22:37-39)

### My naaste? Wie is dit?

Dit is merkwaardig hoe hardnekkig dié vraag aanhou opduik. Van die tyd dat Moses in die Naam van God aan Israel die gebod gegee het om die naaste lief te hê (Lev. 19:18 – "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie; jy moet jou naaste liefhê soos jouself") het die vraag voorgekom en is vertolkings aangebied. Moses en sy tydsgenote

het hulle begrensde opvatting gehad; die profete het ook verklarings daarvoor verruim en uiteindelik kom die vraag by Jesus uit. Hy gee daarop die finale antwoord, eers in die Bergrede (Matt.5) en ook in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk.10).

En tog kom die vraag nie tot rus nie. Die gelowige weet dat hy sy naaste moet liefhê soos homself, maar hy kom daagliks in aanraking met mense wat hom laat wonder of hulle ook tot die naaste gereken word. Wat van mense wat weier om te aanvaar dat Jesus Christus die enige Seun van God is, of mense wat uitgesproke godloënaars is? Moet iemand wat dade van terrorisme pleeg, of iemand wat die dood van 'n gesin veroorsaak het, nog gereken word tot die "naaste" aan wie liefde verskuldig is?

Ten opsigte van die onderskeiding van gesindheid teenoor "die naaste" en "die vyand", stel Jesus die volgende reël: "Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel." Dit val op dat Christus nie sê julle moet julle vyande liefhê "soos julleself" nie, maar dat die regte gesindheid hom moet openbaar in die voorbidding.

Deur die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, het Jesus die begrip "die naaste" so omvattend gemaak dat dit enigiemand in nood, met wie ons te doen kan kry, insluit. Heel eenvoudig gesê, is "die naaste" dan die mense wat my hulp nodig het. Eintlik keer Jesus die vraag om wanneer Hy aan die slot van die gelykenis vra: "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van Hom wat onder die rowers verval het?" Deur die vraag so te stel, laat Jesus verstaan dat die antwoord nie na buite gesoek moet word nie, maar na binne, in my eie hart.

## Deur liefde in jou hart kom die verantwoordings vanself

Wanneer die gesindheid van Christus my hart vul, sal ek oë hê om te sien wie my hulp nodig het, en ore om die noodroep van die lydende te hoor, en hande om die gebroke mens te help. Die LIEFDE doen die mens se naaste geen skade nie. Daarom is die LIEFDE die vervulling van die wet en vervulling van al ons verantwoordelikhede teenoor mekaar.

### Hoe lyk liefde?

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie. (1 Kor.13)

## Wees dus lief vir mekaar

Ons as mense is sosiale wesens. Ons voortbestaan, liefde en vertroue is in God se hande, maar ook in die hande van ander mense... of ons nou daarvan hou of nie! 'n Mens het ook ander mense nodig om te oorleef.

Moet dus nie die mense wat jou LIEFHET en ONDERSTEUN wegstoot nie. Laat hulle spesiaal voel deur jou liefdes-verantwoordelikhede duidelik te laat blyk – in woord en daad. Jy kan 'n verskil maak in jou naaste se lewe. God gee ons die vermoë om dit te kan doen.

Bronne:

\*Genade, Geloof en Gehoorsaamheid (Mike Smuts)

\*Spoorwysers (Prof. E.P. Groenewald)

---

# © Voel jy ook so?

## Is ons besig om te 'implode'?

Antoinette Raimond

Ek skryf die artikel nie as kritiek (en kritiek is nie eers die regte woord wat ek wil gebruik nie maar by gebrek aan beter) op die spesifieke persone nie. Dis net my persoonlike opinie. Ja, ons is nie almal joernaliste en goeie skrywers en daarom kom sekere goed wat ons skryf hoogswaarskynlik anders oor as wat ons dit bedoel het. Maar daar is 'n verskynsel in die VGK wat my dwarssit, 'n houding, 'n gevoel, 'n negatiewe energie; 'n konserwatiewe eggo. Wel, dis die beste hoe ek dit kan beskryf, maar miskien verduidelik my kritiek op die volgende artikels wat ek bedoel. En weereens die kritiek is nie gerig op die persone wat die artikels geskryf het nie maar op 'n algemene houding in die VGK.

In 'n Olielamp uitgawe was daar 'n artikel oor die teks Matt. 5:13-16, wat lui: "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en mense vertrap dit. Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek

word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie, maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Daar word ook gesê:

"Ons word deur God ingeskakel om die verderf en verrotting van die aarde teen te werk".

Dit klink nogal afstandig. Besef ons nog dat ons self verrot en verderf is? Ja, ons moet die sout wees maar wie het ons die sout gemaak? Dit kom definitief nie uit onself nie! Die sout waarvan Jesus praat is soos God se Woord wat genees. Wanneer ons genees word kan ons nie anders as om dit aan ander mense te wil uitdra nie. Dit beteken nie ons moet straat predikers word nie maar dit beteken wel dat ander mense rondom ons gaan sien deur hoe ons optree en praat en dink dat ons anders is.

Om ons self te sien as **die sout**, mag ons dalk net grootkop kry (al is dit 'n groot verantwoordelikheid!!). Moet ons nie eerder die Woord van God as die sout sien nie; die Woord wat genesend is? Ons moet ons self nie bo ander stel of in 'n 'beter' groep plaas nie. Ons het die sout net soveel nodig soos die mense rondom ons met wie ons daaglik in aanraking kom!

*"Daarom moet ons oppas om nie vreemde bestandele in ons lewensresep toe te laat nie".*

Baie mooi gestel maar baie vaag. Wat is "vreemde bestandele"? 'n Gay vriend of lesbiese vriendin? Vas dans? Die cha-cha? Die Wals? Die Tango of langarm, of TV? Die gebruik van alkohol? En "lewensresep"? Is dit die reëls en regulasietjies wat jy vir jousef logies uit geredeneer het en waarvolgens jy lewe? Klink vir my soos wat my vriend noem sy lewensfilosofie, en hy is 'n Boeddhis. Maar let wel dis nie 'n geloof nie maar 'n lewensfilosofie!

Dit is so vaag gestel. Is ons nie miskien besig om mure om ons te bou nie, om veilig te lewe nie? Is ons nie besig om mense wat ons die meeste nodig het, van ons af te sny en weg te stoot nie? Want die persoon leef en praat nie soos 'n Christen nie, so daarom is dit beter om van hom/haar af weg te bly! **Bly eerder aan die veilige kant.** Is ons nie besig om reëls en regulasietjies, moets en moenies, jy mag en jy mag nie's op te stel en besig om ander mense te veroordeel sodra hulle een van ons reëltjies oortree het nie? Is ons nie besig om te veralgemeen en in swart-wit te lewe nie? Daar is grys! Elke situasie moet op sy eie geanaliseer en geëvalueer word op feite en nie op persepsies nie!!!

Ons moet oppas om nie 'ander' mense en hulle gewoontes (wat ons baie keer nie verstaan nie) af te skryf nie. God het almal geskape en **Hy alleen** weet wie Hy uitverkore het en wie nie. Hy het ons nie die opdrag gegee om te beoordeel nie maar om Sy Woord uit te leef en uit te dra aan die mense rondom ons. Moet jou dus nie afsny van die 'ander' rondom jou nie, maar leef anders, doen anders, praat anders! Ja, ons gaan in situasies kom waar ons nie die antwoorde op vrae ken nie, waar ons gaan uitstaan soos 'n rosyntjie tussen blink rooi

kersies, maar gaan ons dit toelaat om **TUSSEN** ander nie soos 'n kind van God te lewe nie?

Dit is gewoonlik baie makliker om soos 'n kind van God te lewe tussen ons broers en susters van dieselfde geloof.

### **Is ons besig om te 'implode'?**

Ons is so gemaklik en gevestig tussen ons broers en susters; half verveeld; en nou besig om mekaar te beoordeel (en dit nogal gebaseer op persepsies, en nie feite nie!) Pasop dat jy nie besig is daarmee nie. Wees bewus van jou eie sondigheid, en waak daarteen om jousef bo ander te stel!

In 'n sondige, donker (swart) lewe (let wel die een uiterste) is alles op die eie ek gerig en word my belange eerste gestel. Dit is mooi en verblydend as dit in 'n Christen se lewe die teenoorgestelde van donker gaan (die ander uiterste) - rein, lig en wit. Dis goed en lofwaardig as ek God eerste stel en ander se belange bo myne ag, maar gaan dit altyd so? Ja, ons streef daarna, ons werk daaraan elke dag! Maar laat stel ons onself nie bo verkragting (dit sluit verkragting binne die huwelik in), roof, hebsug, vroue-mishandeling, dwelmmiddels (dit sluit die rook van dagga in), wanneer ons soms ons eie belange eerste stel, wanneer ons soms aan ons eie begeertes toegee? Moenie jousef bo dit stel nie! Dit kom in ons lewe, ons gemeenskap van Christene voor! Hou op naïef wees.

En ja, ons liggie skyn nie altyd so helder as wat ons dit wil hê nie... maar as jy dit raaksien by 'n ander, help en ondersteun dan die persoon eerder as om afsydig te staan, mekaar te klassifiseer en etikette uit te deel!! En as jy dit by jousef sien, het dan die vrymoedigheid om met iemand met 'n 500 Watt liggie te gaan gesels. Waak daarteen om die verkeerde, of die nie-heeltemal-regte-ding, die swart, die donker, die 'yang' te beoordeel; maar vervang eerder 'n 30 Watt liggie met 'n 500 Watt ene!

Ja, ons moet die sout vir die aarde wees, maar onthou die sout kom van God. Hy het ons eers daarmee gesond gemaak en hou ons gesond daarmee met Sy Woord. Laat ons Sy Woord uitdra (en nie ons eie reëls en regulasietjies nie) en die mense om ons help genees!

---

### **'Bible puzzle' antwoorde** (vorige Olielamp uitgawe bladsy 20)

In volgorde - Amos, Mark, Luke, John, Joel, Judges, Job, Hebrews, Esther, Acts, James, Ruth, Romans, Titus, Matthew, Genesis, Philemon, Chronicles, Daniel, Nahum, Hosea, Lamentations, Revelation, Timothy, Samuel, Numbers, Malachi, Peter, Exodus, Kings.



# Hoe staan ons teenoor ander gelowe

Rigardt Hoving

Paulus vermaan in Romeine 12 vers 2: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie..." Christene het 'n ander lewenskema as die van die wêreld. Ons is anders in ons denke, optrede ens. Dit is tog enkele kenmerke van 'n christen? Jesus sê in Johannes 17 vers 14 dat sy dissipels net soos Hyself nie uit die wêreld is nie. Tog bid hy nie dat hulle uit die wêreld weggeneem moet word nie, maar dat hulle bewaar word van die bose (vers 15). Ons kan nie onself uit die wêreld weg wens nie, God het ons in hierdie wêreld geplaas ... om Hom te verheerlik.

Daar is so baie gelowe reg oor die wêreld en hoe staan jy daarteenoor? Jy kom elke dag met mense in aanraking wat anders oor die lewe dink as jy en wat jou miskien daarop wys dat hulle anders voel oor 'n saak as jy. Hoe moet jy daarvoor reageer? Moet jy dan argumenteer oor die betrokke saak en jou geloof beskerm en as 'wapen' die Bybel gebruik? Jy kan getuig oor die geloof, maar jy kan nie iemand oortuig nie, dit sal die Heilige Gees in iemand bewerk. Ons moet die wapenrusting van God aantrek. Ons is in 'n geestelike geveg gewikkel. Die satan gaan soos 'n brullende leeu rond en kyk wie hy kan verslind. Hierdie aanslae kan jy net weerstaan as jy jou krag in die Here vind en jou weerbaar maak met die wapenrusting wat Hy jou gee. Paulus maak in Efesiërs 6 vers 10-20 gebruik van verskillende dele van die wapenrusting as beeld om ons te wys watter toerusting God ons gee om in die geveg staande te bly. Die heupgordel is die waarheid om die leuens te oorwin. Die borsharnas is die vryspraak deur God, omdat jou hart die sagte teiken is wat getref word as jy begin twyfel of God jou regtig vrygespreek het. God se versekering dat Hy jou wel vrygespreek het, werk soos 'n borsharnas wat jou hart beskerm. Dan is daar jou skoene wat jou bereidheid is om die evangelie te verkondig. 'n Mens kan jou maklik oortuig dat jou pogings om die evangelie te verkondig nie veel werd is nie, veral as dit by baie net negatiewe reaksie uitlok. Moenie so van stryk gebring word nie. Trek die skoene wat die Here jou gee aan en vat die pad! Die skild is ons geloof. As 'n mens swaarkry, begin jy

wonder of jy met reg op God vertrou. Swaarkry en teespoed is dan soos brandpyle wat jou dodelik kan kwes, sodat jy jou rug op God draai en jou eie heil probeer uitwerk. God gee egter die geloof as skild om hierdie brandpyle af te weer. Om te glo beteken om al jou vertrou op die Here te plaas, om jouself aan Hom toe te vertrou, in die wete dat Hy jou in sy hand hou en alles vir jou ten goede laat gebeur. Jou helm is jou verlossing. As jy met jou verstand eers begin twyfel aan die feit dat God jou verlos het, is jy dodelik gewond. Dan sal jy sommer maklik jou lewe inrig soos wat jou natuurlike geaardheid dit wil hê. As jy weet dat jy verlos is, sal jy egter nie toegee aan jou natuurlike geaardheid nie. God het jou verlos.

Dit is die helm wat Hy gee om jou verstand te beskerm. Sit die helm op! God rus jou nie net toe om jouself te verdedig nie, maar Hy gee ook aan jou 'n aanvalswaapen, naamlik die "swaard van die Gees", die Bybel. Leer ken hierdie swaard, sodat jy dit kan gebruik, en "die vyand" kan neutraliseer. Ons kan so deur die wapenrusting van God aan te trek teenoor ander gelowe, probleme, beproewings, ensovoorts gaan staan. God gee alles vir ons om in

ons stryd staande te bly.

Mense van ander gelowe soos Moslems is ook doodgewone mense. Hulle ondervind dieselfde probleme as enige ander mens. Hulle is ook sondaars wat 'n Verlosser en vergewing nodig het. Christus stuur ons ook na hulle toe. Ons moet nie huiwer om met hulle oor Christus te praat nie. Ons moet nie bang wees om in 'n redenasie, let wel nie argument, betrokke te raak nie, omdat ons miskien nie altyd die antwoorde gereed sal hê nie. Argumente is onvrugbaar. Wat wil jy daarmee bereik? Om 'n argument te wen maak net vyande.

Die Moslem geloof is onlangs in die nuus met die spotprent van die profeet Mohammed wat 'n Deense redakteur in sy koerant geplaas het. Die Moslems reageer met 'n heftige reaksie. Regoor die wêreld word geweldadige betogings gehou en tientalle mense het reeds gesterf in sulke betogings. Is dit hoe gelowiges moet reageer?

'n Tipiese voorbeeld van hoe ons teenoor ander gelowe of in dié geval teenoor ongelowiges te staan kom is toe dit in die nuus was van 'n protesoptog in Krugersdorp deur christene teen die 'punk-groep' Polisiekar nadat een van hulle lede die baskitaarspeler, Wynand Myburg, die woorde "#@\$% God" op 'n jong aanhanger se beursie geskryf het. Nog 'n lid van die groep het glo na 'n optrede in Witbank aan 'n kind gesê: "Christenskap is 'n #@%\$spul". Mnr. Dirk Hattingh, 'n sakeman van Krugersdorp, het dié optog georganiseer. "Ek het van hierdie godslastering gehoor en gewonder wat Christene daaromtrent moet doen. Toe wys ek die vinger na myself," het Hattingh gesê.

Ons is baie keer traag om 'n groot ding van ons Christenskap te maak en ons geloof te verdedig. Ek sê nie dat ons optogte moet gaan hou nie,

maar ons moet dit ten eerste probeer vreedsaam oplos en ons moet onthou dat ons dit nie vir ons eie gewin moet doen nie, maar in verheerliking van Sy Naam en opbou van Sy koninkryk.

Ter afsluiting, 'n Burgerleser het in 'n e-pos geskryf dat Myburg sy eie agterent kan soen dat dit nie Mohammed was vir wie hy gevloek het nie, anders was hulle nou die "Brandende polisiekar." Dit is waar, die Moslems raak 'n groot mag in die wêreld en het 'n groot invloed op mense se lewens vandag. So trek daardie wapenrusting van God aan en laat ons, ons geestelike stryd voort sit.

Bronne:

- \* Dr. W. H. Velema, Christen zijn in deze wereld
- \* Bybelkor, Ontmoet jou Moslem-bure
- \* DIE BYBEL IN PRAKTYK
- \* Die Burger

## Voetspore

"Maart heeft een staart". Dit is die minder bekende uitdrukking wat oud-Nederlanders gebruik om te sê dat - wel, dat Maart 'n stert het. As ons nou hierdie uitdrukking vat en dit na Engels vertaal en daarna dit in konteks van die VGK Gauteng plaas, drie minute roer en teen 180°C bak, dan maak die uitdrukking baie meer sin. Oplettende lesers weet nou al dat die sin nou lui: "March has a tail". Het u nog oë in die nutste rewolusionêre vraagtekenvorm? Laat ek verduidelik: die woord *tail* het onder andere twee betekenisse. Die eerste een is die lekkerste deel van 'n bison. Die ander een is dié deel van 'n kolf-span, wat nie eintlik daar moes gewees het nie, maar eerder moes gaan rolbal speel, om die eenvoudige rede dat hulle nie kan kolf nie.

By die afgelope Pro8 kriekettoernooi, georganiseer deur Hoeksteen, was daar baie van hierdie tipe tail-enders. Beter gesê: daar was selfs een hele span wat bestaan het uit tail-enders: die Edele Sint Bernard Getuies (Alex, Ilze, Petra, Miti, Rian, Marjolein, Loïs en Ewart). Meestal kan die tail darem so bietjie boul, maar die St Bernards kon dit, ondanks hoë intellek, ook nie doen nie. En



of jy kan uitwerk wat die glukose-gehalte van die grassprietjies in deep-mid-wicket-gulley is, het ongelukkig niks met krieket te doen nie, en was dus so nutteloos soos 'n probeerslag teen Muttiah Muralitharan se googley's.

In skril kontras hiermee was die Vrye Gereformeerde Kobras, wat waarskynlik ook wel die pitch se eienskappe geken het, maar ook geweet het hoe om te speel. Willem de Jager het byvoorbeeld 35 lopies geslaan in sy eerste en tweede wedstryd, onderskeidelik teen die Hoeksteen Tigers en die Popular Mechanics. Dit was dus ook nie juis verrassend dat hulle op die ou end in die finaal was nie, al kon Average Joe's Average Team nog hulle inhaal, mits hulle met 100 lopies teen die Pink Puppies sou wen. Hulle het dit toe so byna-byna bereik deur met 'n briljante 16 lopies te verloor. Johan Boersema was die absolute uitbinker met 'n kolfgemiddelde van -6 (ja, daar staan minus ses) per game, en 'n SR van ongedefinieerd of soos die nutste Casio 1400i sou sê: -Error-. Sodoende het die VG Kobras teen die Huis Herfsblaar Hurricanes gespeel in die finaal, en het die VG Kobras hul swakste vertoning van die toernooi gehad, deur met net 50 lopies te wen. Guido het 'n paar sesse oor mid-on geslaan, asook oor die Tom Frates Tennisbane, en Johan Agema het met subtiële enkellopies die boulers subtiel vermorsel.

Dit was nie net 'n dag van krieket nie, daar was baie toeskouers (waarskynlik vir glansvertonings van die Globo Gym Purple Cobras se onbetwisbare ster, Henrike), en ook baie worsbroodjies. Marius de Jager het sy skills as gekwalifiseerde rekenmeester bewys deur die worsbroodjies gratis uit te deel. Tot tevredenheid van Ba(r/t)man Herman Bosker, wat vir een keer in sy lewe ook die barman kon rond-order.

Na al hierdie kilojoules-verterende aktiwiteite, het almal verwag dat die jeug nou sal bestaan uit slegs 'n paar chisled abs en stunning features. Truworths en Truworths Man asook Truworths Man and Woman and Horse het al kleiner nommertjies in die nuutste swart (dis natuurlik Paul Veronesian Green) begin aanskaf om te kan cater vir die gewigsverlies van die Gereformeerde jeug (Vrijgemaakt van kilogramme). Hierdie planne is direk deur die ander jeugsegment gekniehalter. Ja, die jeug was maerder. Maar slegs vir 3 dae. Want toe bied JV Berea 'n ongelooflike Asterix-formaat maaltyd aan. Almal het gedink dat ons eie orrelspeler, André de Vente, nes Kakafonix opgehang sal word terwyl die res van ons wild boars



eet. Daar was baie te ete soos uhm... nou ja, baie. Na ete is daar weer 'n poging aangewend om die kilojoules af te skud. Deur middel van 'n bietjie dans. Oeeeeeeeh, nou laat ek die lesers skrik! Dans! Stoele-dans welteverstaan, die zakdoekje-leggen vir volwassenes. Die poging tot energie-verbranding het wel hopeloos misluk, omdat almal gestap het, in plaas van die gebruikelike drafstap of in Jaco Bijker se geval sprint. Die groot sondaar wat die oponthoud in die stoeledans-verkeer was, was Arjan Bijker, al beweer bese tonge anders. Meeste mense is van hul stoele afgestamp deur die bullies onder ons, maar Cornelia de Jager het gewen. Sy was die bully-in-disguise, en kritici wonder steeds of sy nie dalk omkoopgeld, leë beloftes of dalk duimspykers gebruik het om haar oorwinning te beklink nie. Hierna moes die afwas gedoen word, en toe het die hele jeug eweskielik curfews gehad om voor 11h28 by die huis te wees op 'n Vrydagaand. Opmerklik. Innovative.

Met hierdie diep gedig laat ek u verder in die duister.

"Said Hamlet to Ophelia  
I'll do a sketch of thee  
What kind of pencil shall I use  
2B or not 2B?"  
Spike Milligan

## Deur die sleutelgat

Wees gegroet my bemindes!

U het seker bemerk in die vorige uitgawe dat daar 'n befaamde aanhaling was van MacGuyver. Dit was nie somer terloops nie. Nee, dit was weldeurdag, dit was 'n berekende skuif. Hoekom? Vir die eenvoudige rede dat MacGuyver koors hoog loop in die kaap. Vir die wat gedink het dat hierdie legendariese figuur 'n argaïsme is: dink weer!

Albert Drijfhout (M.Phil, MBA, ens.) het onbaatsugtig sy buitekamer vir die jeug oopgestel om 'n paar episodes van die puik reeks (ses Oscar nominasies) van die 80'er jare te herleef. Daar was 'n powere bywoning maar MacGuyver laat nie op hom wag nie. Vir die wat nie bekend is met MacGuyver nie, so 'n kort omskrywing...

Hierdie held wat met behulp van skoenveters, sakmesse en enige voorwerpe byderhand briljante "truuks" uitdink om die booswigte te fnuik, gebruik nooit geweld nie. Hy is 'n geheime agent wat in Viëtnam sy naam gemaak het as die beste sappeur (myngrawer) ooit. Nou word hy ingespan om die skurke te neutraliseer. Hy is 'n meester met enige chemikalieë, 'n puik ingenieur en kan 'n onskuldige voorwerp geniaal inspan tot sy voordeel. Sy enigste swak skakel is dat hy weerloos is sonder sy switserse sakmes. Dit is oorbodig om te vermeld dat almal teenwoordig die aand terdeë geniet het.

Selfs met die krieket, die Bryan Adams konsert en vele ander attraksies was die tonge los oor die hoogtepunt van die jaar. Die "Clash of Concerto's" wat hom afgespeel het in die Waterfront. Tygerberg Hoërskool is maar 'n normale skool maar hul was verseker van die

titel aangesien hulle 'n troefkaart gehad het: Carike Bijker. Die skares het saamgedrom om hierdie genie in aksie te sien. Sy het nie teleurgestel nie. Met 'n manjifieke B-mineur in die laaste dwarsfluit-solo het die menigtes se handeklap uitgebreek in 'n crescendo. Trane het gevloei en sekere lede van die publiek het verbyster gestaan by die aanhoor van sulke meesterlike klanke. Gelukkig kon ons dit meemaak, pragtig hoor Carike!

Na daar verneem is dat Amerika en Australië se grootste gevaar nou vetsug is en terreur sal onttroon teen 2010 as dit teen die huidige groeikoers voortduur, het Chrisjan besluit om voorsorg te tref. Die langasem het in die geheim by 'n draf klub aangesluit en volg 'n uitmergelende oefen program. Hy en 'n paar ander drawwers, waarvan die Geertse ook deel uitmaak, van ons gemeente gaan binnekort aan wedlope deelneem. Die gegewens hieromtrent is vaag aangesien hul oefenprogram in die geheim geskied en die media nie snuf in die neus moet kry nie. Sterkte met die wedlope! Ek sal by die huis sit en 'n koue glas melk drink en aan julle dink! Hier volg 'n insettel van my mede-journalis:

#### Verlag van die Maclear's ekspedisie soos geloods op 25 Februarie 2006

Geagte lesers. Soos u seker weet is Tafelberg een van die gewildste toeriste aantreklikhede in ons land. Die meeste mense beweer dat hulle al op die berg was en die pragtige uitsig van daarbo af geniet het. Ek wil u egter waarsku dat dit in die meeste gevalle slegs leë woorde is, wat deurspek is met lui kabelkarretjie-gedrag. Enige ware kenner sal baie gou vir u kan uitwys dat die kabelkarretjie nie "tel" as dit kom by die ware Tafelberg ekskursies nie.

Nou het dit duidelik geword dat daar onder die jeug (veral die nuwelinge) 'n behoefte ontstaan het om die berg uit te klim. Maar nie sommer net met enige roete nie. Dit sou byvoorbeeld nie genoeg wees om net Platteklip Gorge (voorkant van Tafelberg) uit te klim nie. Nee, hul wou die ware Jakob, die eksklusiefste Tafelberg-roete volg, nl. "Maclear's beacon via Skeleton Gorge." Vir die van u wat nie bekend is met die roete nie, dit begin by Kirstenbosch en kronkel dan in 'n geheimsinnige klofie, genaamd Skeleton Gorge, na die twee damme op die berg. Vandaar is dit nog twee uur se strawwe oefening tot by Maclear's Beacon wat met 1087m die hoogste punt in die skiereiland is. Nou mag dit dalk klink na niks spesiaals nie, maar ek kan u waarborg dat die roete van uiters hoë gehalte is, en slegs deur 'n handjie vol van elite voetslaan geesdriftiges voltooi is.

Nadat al die voorbereidings getref is en die rugsakke gepak is het almal by mekaar gekom in Bondstraat, waar die Volkswagens gelaai is. Nadat almal 'n plekkie verower het en die enjins opgewarm is, is daar in die pad geval. Kirstenbosch is teen nege uur bereik en half tien was ons aan die voet van die berg. Voor ons het Skeleton Gorge opgerys teen die berg en deur die mis kon ons vaagweg die bosreus onderskei wat die kloof kenmerk. Vir oulaas is die watervoorraad aangevul en toe is daar in die pad geval. Daar het 'n rustige stilte in die kloof geheers wat die stappers ook aangegryp het, sodat selfs Corlia en Carike (Zwemstra) nie 'n woord geuiter het nie. Almal was vol van die skoonheid van dit alles en het slegs geniet van die mis-sluiers wat tussen die bome dwarrel. Die rus was egter van korte duur want al gou is kameras uitgepluk om die skoonheid te verewig (vyf professionele fotografe, nl. Johan, Jesca, Joris, Fijma en Albert het deel uitgemaak van die span). En toe die rus eers verstoer is was daar "geen hou meer aan nie." Al gou was Rigardt, Elise en Fijma besig om op 'n boomstomp hul hoogtevrees te oorkom terwyl Corlia en Carike besig was om te klets.

Nadat die orde weer herstel is kon die tog hervat word deur die mis. Al kronkelend teen die berg op langs 'n al hoe geheimsinniger paadjie. Verby boomvarings en allerlei soorte ander eksemplare uit die planteryk. Danksy Joris was die motte, torre en ander insekte egter vir ons soos 'n geopende boek. Joris Glas is naamlik 'n entomoloog (m.a.w. hy vang motte en sit dit in glaspotte).

Nadat ons al die geheime van die insekte wêreld geleer het, is die damme bereik. Hier is ons egter weer gekonfronteer met die harde werklikheid. Dam nommer een was leeg! 'n Bewys van die water tekort wat ons hier in die Kaapse metropool ervaar. Vir die meeste van die stappers was die konfrontasie met die werklikheid net een te veel, met die gevolg dat hul net daar gaan sit het in die droë sand. 'n Groep van vyf bittereinders onder leiding van Marlies het egter verder gegaan na die tweede dam waar hul verras is deur 'n see van glas. Of so het die welkome water vir hul gelyk. Nadat hul die historiese damwal geïnspekteer het vir enige krake het hul die goeie nuus aan die res gebring. Dit het almal weer nuwe moed laat skep sodat die tweede deel van die roete aangepak kon word.

Al oor die plato het ons gestap. Die roete het egter nog steeds geklim en menige maal moes daar aangemoedig en gesmeek word om almal vorentoe te laat beweeg. Ek moet erken dinge

het maar uitsigloos gelyk met die mis wat op ons toegesak het. Almal het maar voort gesukkel in 'n staat van "verstand op nul, visie op oneindig," totdat daar opeens 'n onderaardse gil deur die lug geklink het. Almal het net so in hul spore vas gesteeke sonder om te roer. Slegs Jesca was hard besig om foto's te maak. Die mis het naamlik effens gelig sodat sy die see kon sien en in haar vreugde het sy die gil geuiter wat my tot vandag toe nog koue rillings gee as ek daaraan terugdink. Die res van die tog het sonder enige noemenswaardige voorvalle geskied. Die een na die ander het die spanlede

by die baken op gedaag, vir hul 'n sit-klip uitgesoek en in stilsweye gaan sit en geniet van die uitsig wat daar nie was nie danksy die mis. Dit het egter geensins die opwinding bederf van foto's maak terwyl almal 'n beurt kry om op die hoogste punt in die skiereiland te staan.

Daarna het almal weer veilig af die berg geklim. Daar bly verder niks oor as om net die Here te dank wat ons saam so 'n geseënde dag gegee het in Sy skepping. Mag daar nog vele wees!

Tsenqui!



## Van die Olyfboom

Hallo Olielamp lesers, dis vir ons 'n voorreg om met julle te deel dat ons deur die hulp van die ouderlinge 'n besprekingsgroep begin het vir die ouer jeug, "Die Olyfboom". Die Here het ons op 'n wonderlike manier geseën met die naam wat salwing beteken. Ek het gebid vir 'n naam en Hy het vir my 'n droom gegee waar 'n sekere persoon gesê het: "wat van Die Olyfboom?" en 'n paar dae later op die vergadering het dieselfde persoon dieselfde woorde gesê. Is dit nie wonderlik hoe die Here met ons werk nie?

Ons missie is om as kinders van God te lewe met ons hele hart sodat die vrugte van die Gees van ons mag uitstraal. Gal. 5:22,23 : "Maar die vrug van die Gees is Liefde, Blydschap, Vrede, Lankmoedigheid, Vriendelikheid, Goedheid Getrouheid, Sagmoedigheid, Selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie." Luk. 3:9 : "Maar die byl lê al teen die wortel van die bome. Elke boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi." Sjoë, dit laat my vrees voor die Here God. Dra ek wel goeie vrug? Om die goeie vrugte te dra is 'n lewenstyl en dit kos moeite vanuit onself, deur die Heilige Gees: "Klop en vir jou sal oopgemaak word, vra en jy sal kry." Uit onself kan ons dit nie doen nie, ons is sonder Jesus niks werd nie, en daarom kan ons dankbaar wees dat Jesus vir ons gesterf het uit genade.

Kol. 3:16,17: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofgesange en geestelike liederes, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom." Dis ook hier waar ons besluit het om ons oop te maak vir christelike musiek, psalms, lofgesange, geestelike liederes, gospel, "praise and worship", ens. En om dit dan te bespreek vir waarna ons elke dag kan luister, want smake verskil, en dit moet ons respekteer. Op so 'n manier word ons onderbewussyn gevul met Christus en so trek ons ook die wapenrusting van God aan.

Ook sal ons bybelstudie hou oor die kategismusse, geloofsbelydenisse en bybelboeke soos wat die Here dit op ons hart plaas. Dan sal ons ook met julle Olielamp lesers deel wat ons doen en leer. So moedig ons die ander gemeentes aan om ook op so 'n manier die Here te mag dien. Almal is welkom by ons vergaderings waar die ouderlinge ook so af en toe 'n draai kom maak. Vir enige verdere inligting skakel my gerus by 0723236678.

Met liefde en dank, mag ons almal mooi vrugte dra tot in ewigheid.

Die Olyfboom

## I Am A Christian

When I say "I'm a Christian",  
I'm not shouting "I am saved".  
I'm whispering "I get lost"  
That's why I chose this way.

When I say "I'm a Christian",  
I don't speak of this with pride.  
I'm confessing that I stumble  
And need someone to guide.

When I say "I'm a Christian",  
I'm not trying to be strong.  
I'm professing that I'm weak  
And pray for strength to carry on.

When I say "I'm a Christian",  
I'm not bragging of success.  
I'm admitting I have failed  
And cannot pay the debt.

When I say "I'm a Christian",  
I'm not claiming to be perfect.  
My flaws are too visible,  
But God believes I'm worth it.

When I say "I'm a Christian",  
I still feel the sting of pain.  
I have my share of heartaches,  
Which is why I seek his name.

When I say "I'm a Christian",  
I do not wish to judge.  
I have not authority.  
I only know I'm loved....

Author unknown

### ***Bid vir ...***

- Krag vir gestremde mense en  
almal wat hulle versorg  
- Elke Christen om sy roeping  
as Beeldraer van God uit te leef



## Verjaarsdae

### Johannesburg

Leo Boessenkool 23-Apr

### Kaapstad

Corlia Drijfhout 7-Apr  
Marieke Mars 15-Apr  
Alfred Haak 24-Apr  
Fijma Eefting 28-Apr

### Maranata

Abbie Bouwmeester 22-Apr  
Wilna Kerkhoff 28-Apr

### Pretoria

Monique Bosker 4-Apr  
Rolandi van den Berg 5-Apr  
Anita Zielman 9-Apr  
Tirsa Stolper 9-Apr  
Ingrid Byker 13-Apr  
Petra Ros 14-Apr  
Jo-Rien Van Staden 16-Apr  
Annelie Hagg 20-Apr  
Ranko Agema 23-Apr  
Johann van Staden 26-Apr